



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

NOVEMBER 2014 Nr 58

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Om profet te wees - vandag

Wanneer daar allerlei ingewikkelde kwessies die pad van 'n gemeente kruis, word daar dikwels na die profetiese rol van die predikant verwys, om leiding en antwoorde te bied. Soms is dit ook nie 'n maklike taak om te vervul nie. Verseker plaas dit geweldige druk op bedienaars van die Woord om as profet die gemeente te begelei. 'n Paar jaar gelede skryf Coenie Burger die volgende oor die amp van profet:

- Profete leef naby aan God en herinner ons voortdurend aan die hoopvolle beloftes van die Evangelie.
- Profete se bemoeienis het te doen met die teenwoordigheid van die Lewende God in die midde van die gemeente en van die wêreld. Dit beteken dat 'n wesentlike deel van profetewerk is om met mense oor God te praat.
- Die Lewende God het 'n wil vir die lewe van sy gemeente en vir die wêreld. Die profet se bemoeienis gaan oor die verstaan en implikasies van God se wil vir die gemeente.
- God se wil is 'n heilswil, 'n evangelie. Die inbring en instandhouding van hoop, is 'n wesentlike deel van profetiese werk.
- Die kern van die profetiese arbeid rondom die Woord, gaan daaroor dat die gemeente gehelp word om oor God se teenwoordigheid, wil en aktiwiteit in die wêreld na te dink aan die hand van die verhale in die Skrif.
- Die prediking van die Woord tydens die erediens is deel van hierdie breër proses en is dienstig daaraan.
- Daar behoort besondere aandag aan lering vanuit die Woord gegee te word. Die doel van lering is om aan kinders en volwassenes 'n vertroudheid met die verhale van die Skrif te gee sodat hulle self kan leer om oor God, die lewe en oor hulself na te dink vanuit die Woord.
- Die Woord moet "tydig en ontydig" verkondig word, wat beteken dat die Woord aan die orde behoort te kom in die meerderheid van die aktiwiteite of byeenkomste van die gemeente.

Al die groot uitdagings van ons tyd vereis daarom dat dominees profete sal wees. Skares mense is steeds in afwagting vir die leiding van vandag se profete.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

2 – 3 FEBRUARIE 2015:

Teologiese dag en gesprek met Fakulteit

Tema: "Die wêreld van die dominee en die dominee in die wêreld."

Erediens: Ds Martin Laubscher

Spreekers: Prof Yolanda Dreyer (UP) - *Die wêreld van die dominee*; Prof Theo Neethling (Dept Politieke Wetenskap) - *Dominee in die wêreld, 'n politieke perspektief*; Theo Vorster (Sakegesprek) - *Dominee in die wêreld, 'n ekonomiese perspektief*.

Gesprekke: Middaggesprek met twee departemente naamlik: Nuwe Testament en Sistematiese Teologie.

Dinsdag 3 Februarie - EBB gesprek met leraars (inligting sal volg).

Plek: UV-Kampus

VBO-punte: 20

Registrasie: SMS D54675, u naam na 31029

Fresh Expressions:

SMS asseblief die volgende kode indien u meer inligting in die toekoms sou wou ontvang: SMS D60314 en u naam na 31029

Vir wie is die kursus bedoel? Leraars, lidmate, gemeenteleraars en sendelinge; diene wat besig is om 'n nuwe bediening te ontwikkel; diene wat beplan om 'n nuwe bediening te begin; diene wat hul bestaande gemeente wil transformeer om meer missionaal te wees; alle denominasies, tradisies en ouderdomme; stedelike, voorstedelike en plattelandse kontekste.

Die **aard van die kursus** is teologies-missionaal, prosesgedrewe en praktyk-georiënteerd. **Wat is die waardes van die kursus?** Ekumenies, geestelik verrykend, aanpasbaarheid, gemeenskapvormend, diversiteit & inklusiwiteit is prioriteit, volwasse onderrig, praktyk-georiënteerd, gebedgebaseerd.

Tydens die opleiding, wat 'n reis van 'n jaar oor vier byeenkomste insluit, sal kursusgangers 24 modules deurloop. Voorbeelde van temas: God se sending, Missionale gemeentewees, Dissipelskap, Evangelisasie, Missionale leierskap, Missionale waardes, Evangelie en kultuur, Kinders en jeug, Missionale kleingroepe, Ontwikkeling van nuwe bedieninge; Plattelandse *fresh expressions*. Die kursus sal in Afrikaans en Engels aangebied word.

Teken asseblief solank die volgende datums aan:

Blok 1: 23 - 25 FEBRUARIE 2015

Registrasie: SMS D73967 en u naam na 31029

Blok 2: 1 - 3 JUNIE 2015

Registrasie: SMS D80886 en u naam na 31029

Blok 3: 27 - 29 JULIE 2015

Registrasie: SMS D24941 en u naam na 31029

Blok 4: 26 - 28 OKTOBER 2015

Registrasie: SMS D60954 en u naam na 31029



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.